BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# EEN VIR ALMAL

# Deel 3 – Roepings wat nie sin maak

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Is jy 'n persoon wat hou van interessante feite? Hoe hanteer jy gewoonlik 'n situasie waar jy nie al die inligting verstaan nie?**

**Wat dink jy van die stelling: *Alles sal uitwerk soos dit moet*? Wat is jou ervaring daaroor?**

**Hoekom dink jy is dit soms so moeilik vir ons om "ja" te sê vir die Here?**

**Hoe sal jy die konsep van 'n "roeping van God" aan iemand verduidelik? Is dit net beperk tot "voltydse bediening"?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lukas 1:37. As jy dink oor die afgelope week en jou ervaring van moeilike situasies, watter emosies skep hierdie vers? Verduidelik.**

---

---

---

**Efesiërs 1:3-14. In hierdie gedeelte word daar 'n klomp goed gesê wie ons in Christus Jesus is. Wees eerlik oor jou vlak van vertroue in God. Glo jy regtig jy is wie God sê jy is in hierdie gedeelte? Verduidelik.**

---

---

---

---

**Efesiërs 2:10. Weet jy wat jou doel is? Hoe leef jy dit uit? Hoe kan jy dit bepaal?**

---

---

---

**Hoe dink jy affekteer dit 'n mens se lewe as jy nie weet wat jou doel is en dit nie uitleef nie?**

---

---

---

**Johannes 15:4-5. Wat doen jy om aan God verbind te bly? Wat het jy al ervaar is die effek in jou lewe as jy nie verbind is nie?**

---

---

---

---

**2 Timoteus 1:9. Waarvoor is jy geroep deur God?**

---

---

---

**In die preek is 4 dinge genoem waaraan ons verbind moet bly: *1) God; 2) Jou doel; 3) Mense wat jou bemoedig; en 4) Die groter prentjie.* Watter een het vir jou uitgestaan? Hoekom? Aan watter een sou jy meer aandag wou gee? Verduidelik.**

**Wie is die mense in jou lewe wat bemoediging van jou benodig? Hoe kan jy hierdie week hulle bemoedig?**
**Wie is die mense wat jou bemoedig en geestelik versterk in jou lewe? Hoe kan jy hierdie week hulle bedank en aanmoedig in hulle werk?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**